

DIE SWART LUIPERD
No. 17
Die Duiwel is
'n Vrou
braam le roux

Die Swart Luiperd vloek agter sy masker. Dan span sy boog styf, maar net voordat hy die pyl los, merk hy uit die hoek van sy oog 'n beweging in die water. Hy laat sak die boog vinnig en staar na die spartelende Tembi. Onder die oppervlakte van die water krioel duisende swart voorwerpe—skaduweeagtige goeters so groot soos ses duim-kurpers. Sy oë rek groot agter sy masker. 'n Paar van die slymerige goed spring uit die water om die spartelende Tembi en gaan lê op sy kop. Die Swart Luiperd sien hoedat een Tembi aan die wang byt. Tembi slaan met sy hand na die glipperige affêre, maar dit bly sit soos 'n bosluis. Nou weet die Swart Luiperd dat hierdie visagtige, slymerige goed die pirandha is waarvan die boogskutter so flussies gepraat het.

Stofomslag: Chris du Plooy

# DIE SWART LUIPERD

60s
+2s A.U.B

No. 17

## Die Duiwel is 'n Vrou



braam le roux

# INHOUD


Hoofstuk Bladsy

1. Vloek van die Wit Heks .... 3
2. Dood by die Rotse .... 11
3. Die Oerwoudhart Klop .... 19
4. Kreet van die Groot Aap .... 27
5. Stem soos Donder .... 35
6. Die Duiwel is 'n Vrou .... 43
7. Liefde wat Vrees .... 51
8. Verraad in die Bos .... 59
9. Lyke wat Loop .... 67
10. Fees van die Boogskutters .... 75
11. Duiwels in die Water .... 83
12. Brullende Berge .... 91


Hoofstuk 1

## VLOEK VAN DIE WIT HEKS

Swaar en dof dreun die tamboere tussen die bosse. Die hol basgeluid sidder myle ver deur die oerwoud. Tussen elke reeks tamboerslae heers daar etlike minute 'n drukkende stilte in die donker oerwoud. Dit is in daardie stil oomblikke dat die jaguar met sy groen oë deur die laag hangende takke tuur, sy ore plat trek, dat die reuse-Amacondas sy kronkels om die groen bas los woel en stil soos 'n vreesdroom in die helder water van 'n seekoeigat verdwyn.

Daardie swaar tamboeslag wat met lang tussenpose deur die oerwoud huiwer, wek vae gevoelens in die Swart Luiperd op. Dit is nog nag, maar hy lê en luister in sy tent. Daardie gedreun van die tamboer klink so weemoedig—soms klink dit soos die gesug van iemand wat stadig sterwe. Hy weet dat die inboorling wat daar op die tamboer slaan, baie ver van hom moet wees, maar hier in die ondeurdringbare oerwoud kan die klank soms myle ver trek. Veral wanneer dit so stil is. Daar lê seker nog drie uur voor voordat die son sal opkom. En in dié tyd is die nagte mos altyd stiller. Dit is dan dat die jaguar, nou nie meer honger nie, 'n oomblik by die diep waterstroompie vertoef en die poema, die gedugte leeu van die Suid-Amerikaanse oerwoud, by sy prooi waaraan hy hom vergryp het, aan die slaap raak.

Hy het die tamboere nog nooit so hartseer oor die landskap hoor huiwer nie, en uit ervaring weet die Luiperdman dat die inboorlingvolk agter die Andes, die bruin Oekapi's waarskynlik oor iets treur, iets waaroor hulle glad nie beheer het nie. Ja, dit is asof die ganse oerwoud in hierdie vroeë uur van die oggend hartseer is.

Die Swart Luiperd draai hom egter om en woel sy gespierde liggaam dieper onder die komberse in, want so teen die oggend word dit koud hier teen die hange van die Andesgebergtes.

Dit het gedurende die nag swaar gereën hier tussen die ruigtes. Groot druppels hang nog aan die boomtakke en drup elke nou en dan met 'n musikale ritseling op die muwwe blare neer.

Naby die hoofstat van die Oekapi's druk 'n groot arm die nat blare voor hom weg. Dit is 'n swaar gestalte wat uit die nat bosse te

voorskyn kom en dan oor die oop kol langs die breed vloeiende rivier stap. In die skemerlig is die gestalte dof, maar die oë van die inboorlinge kan dikwels die beste sien wanneer dit so dof-donker is. Drie inboorlinge hou die swaar gestalte vanuit hul skuilplekke dop, maar hulle waag dit nie om tussen die nat, swaar takke uit te spring nie, want hulle vrees daardie swaar gestalte meer as die dood, hulle vrees hom meer as wat hulle die dinge uit die onbekende vrees; die dinge in die oerwoud wat hul primitiewe brein nie kan snap nie. Hierdie harige gestalte wat nou oor die oop kol van hulle af wegstap, is vir hulle die mees gevreesde kreatuur in die ganse oerwoud. Hierdie ding laat hulle sidder, en hierdie ding is ook die oorsaak waarom die tamboer nou sidder . . .

Die harige gestalte beweeg voor die bang Oekapi's se oë na die digte bosse, aan die noordekant van die stat. Oor die gedaante se skouer het hy die slap liggaam van een van die indoenas van die Oekapi-stam. Hy hou die liggaam oor sy harige skouer en stap penregop voort, asof dit 'n ligte stokkie is wat hy met hom saam dra.

Die dierasie is goed ses voet twee duim lank; die kop is groot en harig, die bene dik stompe. Voordat die groot gestalte tussen die bome aan die ander kant van die oop kol verdwyn, gaan staan dit stil en draai om, gluur terug na die wenende stat van die Oekapi's. Die afskuwelike bakkies van die groot ding is 'n oomblik vir die skerp oë van die loerende Oekapi's sigbaar. Hulle sien die klein ogies, byna geheel en al bedek met swaar ooghare; hulle sien die yslike slagtande wat tussen sy lippe uitsteek.

Dan draai die groot gestalte om en verdwyn met die slap liggaam oor sy skouer tussen die bosse in, sonder om een enkele geluid te uiter, geruisloos soos hy gekom het.

Die Oekapi's wissel 'n paar woorde. Die tamboer rouklaag weer.

,,Hy het die kaptein se seun gevang. . . Wat kan ons doen?" fluister 'n Oekapi met vrees in sy stem.

,,Dit is elke nag dat hy nou een kom haal—die Wit Heks het hom gestuur. Ons Oekapi's sal moet vlug. Al die oudstes word vermoor deur hierdie aap wat regop loop, die Aap van die Wit Heks. Ons sal moet trek. Ons sal ons stat moet verbrand en oor die berge vlug. Die Wit Heks se toorn het ontvlam."

Vinnig spring drie Oekapi's op—hul lywe kaal behalwe vir die klein broekies uit poema-vella wat hulle aanhet. Elkeen dra 'n



langerige spies by hom. Hulle hardloop nou tussen die nat bosse uit in die rigting van die stat waar die tamboer moeg klae oor die Groot Aap wat in die donker weer een van die koning se manne kom haal het. Soos die drie naakte inboorlinge tussen die bosse deur hardloop, knaag 'n doodse vrees aan hul harte.

Om die tamboerslaner versamel die oudstes van die stat reeds. Hulle weet presies wat gebeur het en daar is duidelike vrees op hul gesigte te lees. Soos gedaantes kom die Oekapi's uit hul hutte na die tamboerslaner toe aan. Hulle beweeg tree vir tree asof hulle agter 'n lykswa aan stap.

'n Paar jong inboorlinge is besig om droë hout uit 'n hut uit te dra en op te stapel. Een van die ouer Oekapi's tree nader en met vuurklip word die hout aan die brand gesteek. Dan staan hy terug en kyk hoe die vlamme traag begin lewe, byna moedeloos oplek na die stapel hout. Met tussenpose roep die tamboer nog steeds, asof dit sy doel is om die ganse oerwoud wakker te dreun.

Woordeloos staan die Oekapi's na die vuur en kyk wat nou, te midde van die nat bosse en modderige aarde, warm oplek.

Ramo, die koning van die Oekapi's, kom nou ook langsaam uit sy hut en beweeg na die tamboerslaner toe. Ramo is toegewoel in 'n rooi breërandhoed, al half verslete. Ramo is maar vyf voet twee duim lank, maar hy is nietemin ten minste 'n halfduim langer as die grootste Oekapi. Hulle hou die koning met vreesoë dop terwyl hy voor die vuur na die vlamme staan en kyk.

Nog een maal dreun die tamboer swaar deur die oerwoud.

,,Oekapi's, praat Ramo met 'n diep stem, ,,ek weet nie wat die Wit Heks se planne is nie. . . maar haar toorn is teen ons gerig. Die Groot Aap het weer 'n slagoffer kom eis. Al ons groot manne wat my van raad bedien, word weggevoer. Die Wit Heks se Groot Aap was lanklaas so bedrywig. Hy kom altyd wanneer ons slaap die diepste is, in die donker wanneer die son nog te moeg is om uit te kruip. . . Wat moet ons doen, my raadsmanne? Hulle sal al my raadsmanne wegdra, totdat net ek oorbly en my volk sonder hul herders is!"

Daar is 'n rukkie stilte. 'n Ligte windjie het nou opgesteek en dit skud die blare sodat die reëndruppels al ritselend grond toe huppel. Saam met die gekletter van die vuur is dit nou die enigste geluid wat die allesomvattende stilte versteur.

Met 'n rooi poncho styf om sy lyf gewikkel, stap een van die

raadgewers na vore. Nou speel die vlammelig teen sy bruin gesig. Sy swart oë is groot van vrees.

,,Ons moet trek, o Koning. Ek het vir Ramo vertel van die droom wat die geeste my gegee het. Die Wit Heks woon saam met die duiwel in die Berg van Geraamtes. Die Groot Aap word deur die Wit Heks na ons stat gestuur om vleis te kom haal vir haar aasvoëls en haar heilige Condors, die arende wat haar boodskappers is. Sy voer hulle van die vleis van die Oekapi's se raadsmanne omdat sy die Oekapi's wil uitmoor; sy wil ons nie meer hier in die vrugbare oerwoud hê nie; sy wil ons beroof van ons grond, van ons skatte en ons uit die land uitjaag, sodat sy hier kan woon en regeer. . . Ons moet trap, o Koning!'' Hy skree dit luid, draai om en stap terug na sy plek toe, net agter die koning van die Oekapi's.

Daardie onheilspellende stilte heers weer 'n oomblik tussen die bevreesde inboorlinge.

Dit is die koning wat nou praat.

,,Wil julle regtig hê dat ons moet vlug, my indoenas? Dit is die twaalfde raadsman wat deur die Groot Aap weggedra word. Wil julle hê dat ons moet vlug van ons ou stat, waar ons en ons voorvaders so lank gebly het? Ek weet die Wit Heks is verskriklik. Julle sê sy woon saam met die duiwel in die Berg van Geraamtes. Ek dink sy is self die duiwel. Maar wat kan ons doen? Haar mag is groter as die van ons geeste. Haar Groot Aap kan seker nie doodgaan nie, want ons pyle skram van hom weg. Ons pyle en ons spiese is magteloos.''

,,Laat ons vlug!'' skree 'n klompie oues van dae. ,,Laat ons hier padgee, die berge intrek om haar mag te ontvlug. As ons dit nie doen nie, sal die Wit Heks, met haar ape en soldate ons insluk. As sy die duiwel is, laat ons dan hiervandaan padgee.''

Daar gaan 'n gedruis van stemme op. Die koning hoor dit met vrees in sy hart aan. Maar skielik tree 'n jong soldaat vorentoe. Sy spiere vertoon duidelik in die lig van die vlamme. Sy gladde vel lyk brons en taai. Hy het 'n spies in sy hand; sy bolyf is ontbloot; die klein kortbroekie uit poemavel span om sy spiere.

,,O Ramo, ek moet praat, al is ek nie een van jou raadsmanne nie. Ek het die Wit Heks nog nooit gesien nie, niemand van ons het nie, maar ek ken van haar soldate—die groot witmanne met die tiervelle en pyle en boë. Hulle is groot en sterk en voer die wil van die Wit Heks uit. Hoe dikwels het ek hulle nie op jag teengekom



nie? Maar hulle het my met rus gelaat. Maar toe dit 'n paar dae gelede begin reën het, het ek twee teengekom. Ek het gedink hulle sou my doodmaak, maar hulle het nie. Ek het hulle toe gevra of hulle ons nie kan help om die Groot Aap te vang nie. Hulle het toe kwaad geword en vertel dat die Groot Aap saam met die Wit Heks in die Berg van Geraamtes woon. Hulle het gesê dat die Wit Heks ons uit die oerwoud uit wil uitdryf omdat ons 'n vreemde god, die Luiperdman, op ons jagvelde laat jag. Die Luiperdman het hier na die oerwoud toe gekom en van hulle mense doodgemaak. Hy, die Luiperdman, het ook van hul heilige Condors doodgemaak. Die Wit Heks beskou die Swart Luiperd as 'n indringer. . . hy het geen reg hier nie. Die Wit Heks wil hom doodmaak, en haar Groot Aap soek hom, maar kan hom nie kry nie. Hulle dink dat ons hom herberg verleen, want hulle het die Luiperdman al hier in die Oekapi's se stat gesien. Die groot boogsoldate het my gevra waar die Luiperdman is, die tweebenige met 'n luiperdkop. Ek weet nie waar hy is nie, en ek weet ook nie of Ramo hom miskien nog altyd hier herberg gee nie. Ek kon hulle nie antwoord nie. Dit is my verhaal, o Koning, en ek dink dat ons die Wit Heks moet behaag en die Luiperdman vir hulle vang!''

Die soldaat tree terug en verdwyn tussen die skare. Nou is daar 'n deurmekaar gepraat en 'n paar vroue van die stat raak aan die weeklaag. Net skuins agter die koning kom nou nog 'n soldaat te voorskyn. Hy buig diep voor Ramo, en praat dan met 'n huiwerende stem.

,,Ek het die Luiperdman al gesien, o Koning. Hy is sterker as 'n jaguar. Hy is sterker as die Amacondas wat ons vasdraai, insluk en in die diep waters insleep. Die Swart Luiperd is 'n vriend van die Oekapi. Hy het in die oerwoud ingekom omdat hy agter die Wit Heks se Condors was wat sy klein seuntjie anderkant die berge kom steel het. Hy het 'n paar Oekapi's uit die kronkels van die Amacondas gered, en hy het die wit soldate van die Heks geskiet om sy kind, wat deur die Condors van die Wit Heks ontvoer is, in die hande te kry. Die Swart Luiperd is ;n vriend van die Oekapi. Ons kan hom nie aan die Wit Heks uitlewer nie, o Koning.''

Nou sit die gebrom van baie stemme oor in 'n luide gebabbel en 'n geskree van vrouens. Die vlamme baljaar in die middel van die kring van geel-bruin mense. Die koning steek sy hand op in 'n poging om die Oekapi's stil te maak, maar die gedruis van stemme

duur voort.

Skielik storm die soldaat wat die eerste gepraat het, weer na vore. Vlak langs die vlamme hef hy sy spies omhoog en skree uit volle bors. Onmiddellik hou die gille en deurmekaar gebabbel op.

So stil is dit nou skielik dat die geknetter van die vuur in die omstanders se ore klap soos sweepslae.

,,Ramo, en Oekapi's wat julle voorvaders liefhet, en jul vroue en kinders wil sien vet word, luister! Tembi, my soldaatbroer, het nou net die waarheid gepraat. Hy het vertel dat die Luiperdman die Wit Heks se vallei binnegegaan het om die heilige Condors aan te val en sy kind te red. Maar dit is verkeerd as hy sê dat hy 'n vriend van die Oekapi is. Dit is dan deur die Swart Luiperd dat ons vandag besoek kry van die Groot Aap. Dit is omdat die Luiperdman hierdie oerwoud binnegekom en agter die Condors aan gesluip het, dat die Wit Heks se toorn teen ons ontvlam het. Ons moet die wraak wat die Luiperdman in die hart van die Heks wakker gemaak het, ontgeld. Dit is nie reg nie, manne van die Oekapi. Tembi is die Luiperdman goedgesind. Hy weet waar hy skuil. Dit is sy plig om die koning te vertel waar die Luiperdman se skuilplek is, sodat ons soldate hom kan gaan vaskeer en vang en uitlewer aan die Wit Heks."

Sy verdere woorde word deur 'n oorverdowende gejouel oordreun.

Tembi word as 't ware omsingel en nader na die vuur toe gedwing. Die jong soldaat bly egter onverskrokke. Eindelik skree die inboorlinge dat die koning die woord moet voer. Hulle word nou onkeerbaar. Koning Ramo stap nader na Tembi toe en toe hy praat, word almal weer so stil soos muise.

,,Julle het gehoor wat Gohri te sê het. Tembi weet waar die Swart Luiperd hom skuil hou. Ek weet dat die Luiperdman sy kragte van die geeste kry, en ons mag hom ook nie seermaak nie. Maar laat ons anders werk. Laat ons die Luiperdman vang en hierheen bring en hom dan vertel van die toorn van die Wit Heks wat op ons uitgegiet word. Miskien kan hy ons help. Hy is besiel met groot geeste. Maar ons moet hom nie doodmaak nie, of sommer goedsmoeds aan die Wit Heks uitlewer nie. Tembi moet my jakkalse dus gaan wys waar die Luiperdman skuil. . ."

'n Hernieude geraas bars los, maar hierdie keer duur dit nie lank nie.



Gohri is egter nie tevrede nie. Hy praat weer en die speeksel spat so opgewonde is hy.

,,Dit is beter dat ons die Luiperdman dood aan die Wit Heks uitlewer. Sy sal haar toorn dadelik van ons afwend en ons wapens in die toekoms seën."

Die skare sien egter hoe Tembi lag.

,,Niemand kan die Luiperdman doodmaak nie. Ons wapens is ewe min bestand teen hom as teen die Groot Aap—ons pyle skram weg as ons hulle na sy hart mik."

Ramo wend hom tot Tembi.

,,Weier jy om jou volk te help?"

,,Nie in die minste nie, o Koning. Ek waarsku hulle teen oorhaastigheid; ek waarsku hulle teen 'n groot onheil wat ons kan oorval as ons die Luiperdman leed aandoen."

Gohri praat weer voordat die koning kans kry.

,,Daar rus alreeds 'n vloek op ons. En dit is die Luiperdman se skuld. Ons moet die kant kies van die sterkste. Die Wit Heks, die vrou-duiwel, is die sterkste. Ek vrees haar onheil wat nou oor ons is, meer as die van die vreemdeling, die Swart Luiperd. Tembi moet ons na die Luiperdman lei. Hy moet nie 'n lafaard wees nie."

Die Oekapi's kyk die arme Tembi aan asof hulle hom met spiese wil bydam. Ramo sien dit en praat dan weer.

,,Môreaand sal Tembi ons na die skuilplek van die Luiperdman neem. Maar ek, Ramo, sê: Julle sal hom nie doodmaak nie. Julle sal hom lewendig hierheen bring!"

,,En as hy ons begin doodmaak. . . as hy sy krag gebruik om ons plat te slaan, moet ons ons skerp spiese nog terughou?"

Ramo dink 'n rukkie daaroor na.

,,Dan vrees ek, Gohri, sal julle jul spiese moet gebruik, maar julle moet die Swart Luiperd kry en hierheen bring. Dit is ons laaste kans."

Gohri hef sy spies omhoog.

,,Ons moet hom bring—dood of lewendig, o Koning."

,,So het ek gesê, Gohri; dood of lewendig!"

Daar is toejuiging, maar weer laat Tembi van hom hoor.

Ek waarsku julle dat julle bloed sal sien vloei as julle die Luiperdman durf doodmaak. Hy het groter krag as die Wit Heks. Laat my liewer toe dat ek na die Luiperdman gaan om hom raad te vra. Ek is seker dat hy ons sal help om die Wit Heks, kind van die

duiwel, of dalk die duiwel self, op haar plek te sit. As julle die Swart Luiperd gaan doodmaak, sal dood en honger julle oorval. Ek, Tembi, sê so!"

Maar Gohri lag hom uit.

„Ek sal die Swart Luiperd gaan doodmaak met 'n bende van ses. Ek sal sy luiperdkop van sy liggaam afsteek."

Tembi lag skeef, maar hy besluit om niks meer te sê nie. Dit lyk alreeds of hulle hom aan repies wil skeur.

Die koning spreek Tembi nou aan.

„Ramo beveel, Tembi. En Tembi moet gehoorsaam. Jy sal vir Gohri vergesel na die skuilplek van die Swart Luiperd."

Tembi buig laag en laat hoor:

„Goed, Ramo, maar dan moet julle weet wie julle straf as groter ellende die Oekapi's oorval."

„Die Swart Luiperd moet dood!" kom die krete van die omstanders.



Hoofstuk 2

## DOOD BY DIE ROTSE

Ver van die Oekapi-stad af, in sy lêplek in 'n uitgeholde boomstam, kyk 'n poema gesteurd op toe hy die geskree vandie inboorlinge langs die Amasone-rivier hoor. Dit is nog donker, hoewel daar nou in die ooste 'n ligvlek uitslaan. Sy dierebrein kan die geraas nie kleinkry nie. Vererg grom die poema, verlaat sy lêplek en draf waggelend na die spruit toe om sy dors te les.

Een vir een stap die inboorlinge weer terug na hul hutte toe. Sommige praat nog deurmekaar, maar die meeste is stil en bang. Ses dae agtereenvolgens is die stat al deur die Groot Aap van die Wit Heks besoek. Ses indoenas is al in hul slaap vasgedruk, half verwurg en deur die Groot Aap weggedra, die bosse in. Die groot dier wat geluidloos beweeg, het hulle baie maande lank nie besoek nie, maar nou teister hy die Oekapi's weer. Hulle is magteloos teen hom en wanneer hulle hom sien, skiet hulle nie eens een pyl na hom toe af nie, want hulle het vantevore al gesien hoedat die skerp pyle soos vuurhoutjies van hom af wegval. Hulle kan die borskas van die Groot Aap nie deurboor nie. Hulle was al moedeloos. . .

Maar nou is daar hoop. Hulle kan nou op Gohri steun om die oorsaak van die vloek te verwyder. Hy is 'n dapper soldaat. As hy nie daarin slaag om die toorn van die Heks af te weer nie, sal hulle moet trek, en dan sal die aasvoëls in lang swerms agter hulle aan trek.

Tembi was seker een van die weiniges wat nie nou weer gerus gevoel het nie. Hy stap, net soos die ander, terug na sy hut toe, maar sy gedagtes hinder hóm. Dit is die Luiperdman wat hom van 'n gewisse dood gered het toe hy die gevaarlike kronkels van die luislang getrotseer het. Hy, wat Tembi is, het self gesien hoedat die Luiperdman 'n jaguar om die lewe bring; hy het gesien hoedat drie reuse-wit soldate van die Wit Heks deur die Luiperdman oorrompel word; hy het self gesien hoedat 'n dosyn Oekapi's voor die vuiste van die Swart Luiperd val; hy het gesien hoedat daardie selfde Swart Luiperd deur die lug sweef en van boom tot boom swaai; hy was ooggetuie van sy ratsheid en durf, en hy het gesien